Die Voortrekkers

# Transvaal
# Spesiale Omsendbrief

# Oktober 2019

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

28 Oktober 2019

Beste voortrekkervriende,

Ons het deurlopend hierdie jaar aan ons drome gebou, en nou aan die einde van die jaar kan ons terugkyk na ‘n paar drome wat werklikheid geword het.

Ons gesprekke rondom die uitvoering van die kongresprioriteite het ‘n geskiedkundige mylpaal bereik tydens die afgelope naweek se gebiedsbestuursvergadering. Ons bevestig dat die beplande Gebiedsraad vergadering wat DV gehou sal word op Saterdag 9 November 2019, Voortgaan.

Die volgende besluite is tydens die gebiedsbestuursvergadering geneem en sal tydens die Gebiedsraad in meer besonderhede toegelig word:

Besluit TvlGBNot.201910/13.3

*a) Dat dié gebiedsbestuur Transvaal verdeel in ‘n vier (4) gebied model:*

1. *Oorgangsgebied Sentraal: Centurion met Midrand (tans Oord Monument), Wesrand (tans Oord Goudrand) en gedeelte van Noordwes.*
   *Die volgende dorpe, woonbuurte, en voorstede word hierby ingesluit: Linden, Randburg, Muldersdrif, Roodepoort, Fairland, Midstream, Lyttelton, Roodepoort, Rooihuiskraal, Zwartkop en Wierdapark.*
   *Die volgende kommando’s en staatmakergroep(e) word hierby ingesluit: Johanna van der Merwe, Helderkruin, Klipfontein, Muldersdrif, Unika, Weltevrede, Midstream, Polsslag, Rooihuiskraal, Sesmylspruit, Sweepslag en Sytze Wierda.*

2. *Oorgangsgebied Pretoria-Noord: Pretoria met Oord Transmagalies, Oord Pretoria-Moot, Oord Limpopo en Oord Bosveld.*
   *Die volgende dorpe, woonbuurte, en voorstede word hierby ingesluit: Mooinooi, Hartbeespoort, Brits, Rustenburg, Polokwane, Lephalale, Mokopane, Modimolle, Thabazimbi, Tzaneen, Waverley, Queenswood en Mayville, Theresa Park, Montana, Wonderboom, Sinoville en Annlin.*
   *Die volgende kommando’s en los veldkornetskappe word hierby ingesluit: Kanniedood, Elandsprag, Koersvas, Hartbeespoort, Magalieskruin, Doornkraal, Ellisras, Kameeldoring, Kranskop, Ysterberg, Lethaba, Generaal Hertzog, Queenswood, Theuns Meyer, Arbeidsvreugde, Die Kruin, Kaptein Jack Hindon, Noordpos en Voor-die-Berg.*

3. *Oorgangsgebied Pretoria-Oos: Die kommando’s van Oord Pretoria-Oos, Oord Pionier en Oord Panorama.*
   *Die volgende dorpe, woonbuurte, en voorstede word hierby ingesluit: Belfast, Hoedspruit, Komatipoort, Nelspruit, Burgersfort, Middelburg, Garsfontein, Waterkloofrif, Moreletapark, Waterkloof, Tygerpoort, Brooklyn, Hatfield, Lynnwood, Murrayfield en Menlopark.*

*Die volgende kommando's word hierby ingesluit: Belfast, Hoedspruit, Komati, Laeveld, Waterval, Garsvallei, Klapperkop, Rietvallei, Wapadrand, Bronberg, Dirkie Uys, Jakaranda, Kruithoring, Soetdoring, Suiderkruis en Touleier.*

4. *Oorgangsgebied Suid-Oos: Ekurhuleni met Mpumulanga tot Ermelo (tans Oord Oosvaal en Oord Mooirivier) en 'n gedeelte van Noordwes.*
   *Die volgende dorpe, woonbuurte, en voorstede word hierby ingesluit: Springs, Boksburg, Benoni, Birchleigh, Kempton Park, Germiston, Brakpan, Alberton, Elsburg, Edleen, Vereniging en Heidelberg.*
   *Die volgende kommando's en los veldkornetskappe word hierby ingesluit: Springs, Baanbreker, Eben Dönges, Hoogland, Impala, Kruinsig, JC Calitz, Klippoortjie, Saamstaan, Suiderlig, Susan Badenhorst, Tant Tibbie Visser, Vryheidsmonument en Suikerbos.*

*b) Dat dié gebiedsbestuur die volgende versoeke van Oord Mooirvier goedkeur:*
1. *Dat Orion Voortrekkerkommando, Brahmaan Staatmakers (veldkornetskap van Orion), Totius Voortrekkerkommando en Mooirivier Staatmakers (veldkornetskap van Totius) inskakel by gebied Vrystaat.*
2. *Dat die nodige stappe deur die gebiedsbestuur (gebiedsleier en gebiedsekretaris) getref word ten einde gesprekke met die gebiedsbestuur van Vrystaat en hoofbestuur te voer.*

*c) Dat dié gebiedsbestuur bevestig:*
1. *Dat enige lid van enige kommando geoutoriseer is om op enige gebiedskamp te mag kamp en dat enige volwasse lid geoutoriseer is om op enige Transvaalse gebiedskamp se bestuur te mag dien.*
2. *Dat die huidige Transvaalse gebiedskampe nie gekoppel word aan enige oorgangsgebied nie.*
3. *Dat die aanstelling van Transvaalse gebiedskampleiers deur die sittende gebiedsdagbestuur van Transvaal Voortrekkers hanteer word.*

*d) Dat dié gebiedsbestuur bewus is daarvan, en dit aanvaar, dat die uitvoering van die hoofbestuursbesluit, ten einde die oorgangsgebiede te implementeer tot en met 2023, teen van die bepalings van die Voortrekkerreglemente kan wees.*

*e) Dat die elf (11) oorde, hul besture en dagbesture onmiddellik herroep word en opdrag gegee word dat die portefeuljes vir 2019 volledig en behoorlik afgesluit word, insluitende maar nie beperk tot jaarverslae, notules, portefeuljeverslae, en finansiële state.*

*f) Met betrekking tot die verkiesing van die oorgangsdagbesture:*
1. *Dat die oorgangsdagbesture verkies word vir die nuwe oorgangsgebiede teen einde 2019.*
2. *Dat nominasies vir alle oorgangsdagbesture opgeroep word met die volgende vyf (5) portefeuljes: oordleier, adjunkoordleier [administrasie], adjunkoordleier [finansies], en twee (2) algemene adjunkoordleiers.*
3. *Dat die oorgangsdagbesture verteenwoordigend moet wees van sy gemeenskappe, met ander woorde daar moet ten minste een (1) portefeulje gevul word vanuit elke voormalige oord.*
4. *Dat die oorgangsdagbesture verkies word vir die termyn vanaf 2020 tot 2023.*
5. *Dat die oorgangsdagbesture sal funksioneer tot en met 2023 op die oordbestuursvlak (derde bestuursvlak).*

6. *Dat die oordleier of 'n sekundus saam met twee (2) ander lede van die oorgangsdagbestuur sitting op die gebiedsbestuur sal hê waarvan ten minste een (1) van hiérdie lede, waar dit van toepassing is, van 'n plattelandse area afkomstig is.*

g) *Dat die volgende tydlyne van toepassing sal wees:*
1. *Dat die gebiedsraad geleentheid bied vir persone om mekaar te ontmoet en finale nominasies in te dien.*
2. *Dat die oproep om nominasies vir die oorgangsdagbesture kort na die Gebiedsraad wat gehou word op Saterdag 9 November 2019 sal sluit.*
3. *Dat die verkiesing van die oorgangsdagbestuur sal geskied gedurende die periode vanaf 15 tot 30 November 2019.*

h) *Dat die oorgangsdagbesture verantwoordelik is vir die daarstelling van hul implementeringsplan en tydsraamwerke met betrekking tot die prosesse wat deur die hoofbestuur goedgekeur (HBNot.201904/6.1) is, naamlik:*
1. *identiteitsontwikkeling;*
2. *identiteitsbevestiging;*
3. *bestuurstruktuur;*
4. *administrasie;*
5. *finansies;*
6. *groeiteikens;*
7. *regstegniese aspekte;*
8. *waarnemers op die hoofbestuur; en*
9. *gesag en uitdagings.*

Die uitvoering van die voorgaande besluite geskied onder die wakende oog en mentorskap van die huidige gebiedsdagbestuur.

Ons nooi alle afgevaardigdes van Voortrekkerbesture, soos waarna verwys word in Hoofstuk 23 van die reglemente, en ander belangstellende waarnemers uit na 'n Gebiedsraad vergadering. Kom verneem die korrekte inligting insake die herstrukturering, besluite geneem en bou saam aan die nuwe drome!

Alle dagbesture moet asseblief toesien dat die geloofsbriewe na die gebiedsekretaris gestuur word. Dankie vir die geloofsbriewe wat reeds ontvang is. Waarnemers is baie welkom.

Hiermee die skakel na die inskrywingsvorm vir die afhandeling van die nodige logistieke reëlings:

https://www.cognitoforms.com/TransvaalVoortrekkers/InskrywingsvormVirDieGebiedsraadVanTransvaalVoortrekkers

Voortrekkergroete

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za )
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Riaan du Preez – AGL Bemarking (076 412 8811 - riaandupreez360@gmail.com)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 - anine.wheeler@sabs.co.za)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)